

# Nuwe Lied Bediening

*Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.*

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, Die Gesalfde Een, die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

**Yeshua is die hart van die Vader!**

## Parashah 3: *Lech L'cha* – Jy, Gaan jy!

יהוה *het vir Avram gesê: “Jy, gaan jy uit jou land, uit jou familie en uit jou vader se huis uit, na 'n land wat Ek jou sal wys... Gen. 12:1 – PWL<sup>1</sup>*

**Torah:** Gen. 12:1 tot 17:27.

**Haftorah:** Jes. 40:27 tot 41:16.

**Nuwe Verbond:** Matt. 1:1 tot 17; Hand. 7:1 tot 8, Rom. 4:1 tot 25; Gal. 3:1 tot 29; Heb. 7:1 tot 19; Heb. 11:8 tot 12.

**Skriftestudie:** Die Verbond en die Torah: God van die Verbond.

**H**ierdie notas is aanvullend tot die vorige vier jaar se notas vir Parashah 2 wat afgelaai kan word by: [http://nuwelied.info/?page\\_id=1182](http://nuwelied.info/?page_id=1182)

*I can't change the direction of the wind, but I can adjust my sails to reach my destination – Jimmy Dean.*

*There are two ways to be fooled. One is to believe what is not true. The other is to refuse to accept what is true – Soren Kierkegaard.*

*Abraham is without doubt the most influential person who ever lived. Today he is claimed as the spiritual ancestor of 2.4 billion Christians, 1.6 billion Muslims and 13 million Jews, more than half the people alive today. Yet he ruled no empire, commanded no great army, performed no miracles and proclaimed no prophecy. He is the supreme example in all of history of influence without power – Boaz Dryer, Parshah Lech Lecha.*

*Faith is the bird that feels the light when the dawn is still dark – Rabindranath Tagore.*

<sup>1</sup> Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling ([www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch)), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by [gerrie@padwlewe.ch](mailto:gerrie@padwlewe.ch) gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

*Faith is a living, daring confidence in God's grace, so sure and certain that a man could stake his life on it a thousand times – Martin Luther.*

## Torah Bespreking

### Hersiening

Die Afgesonderde Skrifte is יהוה se boek van onverdiende guns (genade) en van onpartydige opregtheid (geregtigheid), soos wat dit deur die geskiedenis van Noag bevestig word! Ons het geleer dat יהוה se onverdiende guns en Sy onpartydige opregtheid (geregtigheid) net so deel van die ou verbond was as wat dit deel van die nuwe verbond is! Maar daar is egter een groot verskil, naamlik dat Yeshua nou die enigste weg is tot יהוה se onverdiende guns en Sy onpartydige opregtheid. Daarom het Yeshua gesê:

Ek is, was, sal wees Wie Ek is, was, sal wees, die Pad, die Waarheid en die Lewe; niemand gaan na My Vader toe nie, behalwe deur My. Joh. 14:7.

Maar die geskiedenis van Noag is ook bevestiging dat יהוה 'n God van oordeel is, wat die sonde nie ongestraf sal oorsien nie.

‘יהוה vat lank om kwaad te word en is oorvloedig in liefdevolle sagtheid, wat sonde en wetsoortreding vergewe, maar nie die skuldige vryskeld nie; wat die onregverdigheid van die vaders die kinders laat beïnvloed, in die derde en vierde geslag.’ Num. 14:18

Daarom sal die dae van Noag aan die einde van die eeue herhaal word en sal יהוה se uurglas van onverdiende guns weereens leegloop en sal God die mensdom oordeel! Die boek van Openbaring is die bevestiging hiervan!

Daarom hou hierdie week se Torahskriflesing vir ons elkeen 'n baie belangrike les in, naamlik om soos Abraham ook weg te trek uit Babilon uit!

*There are moments when we are called upon to take the uncharted path, doing the "impossible" and following only the word of God.*

### Jy, gaan jy!

Vanaf Adam tot Noag is dit 10 geslagte en van Noag tot Abram is dit 10 geslagte. Die getal 10 is die numeriese waarde van die letter *yod* waarvan die piktogram 'n arm met hand is. Die getal 10 is dus simbolies van die arm (hand) van יהוה, maar ook simbolies van orde en van dit wat voltooi (afgehandel) is. Dit dui daarop dat 'n punt van groot erns en omvang bereik is – 'n punt van verandering! Na die eerste 10 geslagte was dit יהוה se oordeel deur die sondvloed. Na 'n verdere 10 geslagte is daar weer 'n punt van groot verandering bereik, naamlik die begin van יהוה se volk waaruit die Verlosser as die Lam van God sal kom!

Daarom moes Abram wegtrek uit Ur van die Chaldeërs (antieke Babilon) waar afgodery aan die orde van die dag was.

יהוה het vir Avram gesê: “Jy, gaan jy uit jou land, uit jou familie en uit jou vader se huis uit, na 'n land wat Ek jou sal wys en Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam groot maak en jy sal 'n seën wees en Ek sal diegene seën wat jou seën en hom vervloek wat jou vervloek en in jou sal al die families van die aarde geseën word. Gen. 12:1 tot 3.

Volgens Jos. 24:2 was Abram se vader, Tera, 'n afgodsdienaar.

Y'hoshua het vir al die mense gesê: “So sê יהוה, die God van Yisra'el: ‘Van antieke tye af het julle vaders oorkant die Rivier (Eufraat) gebly; Terag, die vader van Avraham en die vader van Nagor en hulle het ander gode gedien.

Abram het dus groot geword in 'n huishouding gekenmerk deur afgodery. Babilon beteken *verwarring deur vermenging*, asook *mengsel*, en daarom moes Abram uit die geestelike verwarring van sinkretisme (vermenging van godsdienste) kom. Haran, waar Abram tot die dood van sy vader Tera gewoon het, was dus nie die eindbestemming van Abram nie. Nee, hy moes gaan tot in Kanaän waar hy die begin van die saad sal wees waaruit יהוה se eiendomsvolk sou ontstaan.

Die geskiedenis van Abraham dien as herinnering dat ons ook geroep is om ‘te trek’ (om uit te kom) uit ‘n omgewing van sinkretisme. Ons is bekend met die elemente van afgodery in die Christendom, soos Kersfees en *Easter*, maar min gelowiges in Yeshua is bekend met die afgodery waarmee Rabbynse Judaïsme ook besoedel is! Ons is dus ook geroep om, indien nodig, *uit ons vader se huis en uit ons familie te gaan* na die ‘Beloofde Land’ van Torah-gehoorsaamheid soos dit in Yeshua vervul is en in die Skrifte van die nuwe verbond openbaar gemaak is.

Ook vandag hoor ons die stem van die Afgesonderde Gees wat ons roep om uit geestelike Babilon te kom. Dit dien as herinnering aan die volgende Skrifgedeeltes:

Gaan weg van Bavel! Vlug weg van die Kasjeërs! Verklaar met die klank van vreugdevolle krete, verkondig dit, stuur dit uit na die eindes van die aarde!” Sê: “יהוה het Sy knek Ya'akov losgekoop.” Jes. 48:20

“As gevolg hiervan,” sê יהוה, “gaan van tussen hulle uit, skei jou af van hulle, raak nie die dinge wat onrein is, aan nie en Ek sal julle ontvang. 2 Kor. 6:17.

Ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: “Gaan uit haar uit, My volk sodat julle nie deel kry aan haar sondes en nie van haar plaë ontvang nie. Open. 18:4.

Babilon (Ur van die Chaldeeërs) is ook 'n sinnebeeld van die boom van kennis van goed en kwaad – 'n mengsel van die goeie en die slegte. Om te eet van hierdie boom is die wortel van geestelike verwarring en misleiding. Om uit Babilon te kom is om terug te keer om versadig te word van die vrug van die Boom van Lewe, naamlik Yeshua, die vleesgeworde Torah.

<sup>51</sup>אֲנִי אֵל – Ek is, was, sal wees Wie Ek is, was, sal wees, die Lewende Brood, wat vanuit die hemel afgekom het. As iemand van hierdie Brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. Die Brood wat Ek sal gee, is My liggaam, wat Ek ter wille van die lewe van die wêreld, sal gee.”

<sup>57</sup>Net soos die Lewende Vader My gestuur het en Ek as gevolg van die Vader lewe, net so sal hy wat My eet, ook as gevolg van My lewe.

<sup>58</sup>Hierdie is die Brood wat vanuit die hemel afgekom het; nie soos julle vaders wat die ‘man hu’ geëet en doodgegaan het nie; wie hierdie Brood eet, sal tot in ewigheid lewe.” Joh. 6:51, 57 en 58,

### **Ons is geroep!**

Ons word geroep om soos 'n ligtoring en 'n brandwag te wees.

‘n Ligting hardloop nie oor die eiland of land om te waarsku nie, maar staan stil en laat sy lig helder skyn.

**14**Julle is lig vir die wêreld. ’n Dorp wat bo-op ’n berg gebou is, kan jy nie wegsteek nie.

**15**Hulle steek nie ’n lamp op en sit dit onder ’n mandjie nie, maar op ’n staander sodat dit vir almal wat in die huis is, lig gee.

**16**Laat julle lig op dieselfde manier skyn voor mense sodat hulle die goeie dinge wat julle doen, kan sien en julle Vader wat in die hemel is eer, lof en aanbidding bring. Matt. 5:14 en 16.

‘n Brandwag bewaak die stad dag en nag en beweeg op die muur rond en maak luidkeels alarm indien gevaar kom.

“Seun van ’n mens, Ek het jou as wagter vir die huis van Yisra’el aangestel; wanneer jy ook al ’n boodskap uit My mond hoor, moet jy hulle namens My waarsku. Eseg. 3:17

Wat jou betref, seun van ’n mens, Ek het jou as wag oor die huis van Yisra’el aangestel; jy sal ’n boodskap uit My mond hoor en hulle namens My waarsku. Eseg. 33:7.

### **Bepeins of Bespreek**

1. Was Abram aanvanklik ten volle gehoorsaam (Verwys Gen. 11:31 en 12:1). Onthou: Abram het sy broerskind saamgeneem! Was Lot ’n hulp en seën vir Abram of ’n hindernis en binding? Wat is die les wat ons hieruit leer, veral ten opsigte van YHWH se onverdiende guns? Dikwels is ons ook bereid om uit ‘Babilon’ weg te trek, maar dan neem ons sekere bindinge, laste en ‘bagasie’ met ons saam! Ons trek tot by Haran, maar dan nie verder nie. Die naam *Haran* beteken: *verdor* en *verdroog* – by Haran sal ons verdroog en verdor! Ons moet uit Babilon, verby Haran tot in Kanaän gaan! Kan ons bekostig om net ‘halfpad’ gehoorsaam te wees? Gehoorsaamheid wat uitgestel word is ongehoorsaamheid! Goeie bedoelings is nie ’n plaasvervanger vir gehoorsaamheid nie!
2. Talle in die Messiaanse Beweging is bewus van die afgodery en dwalinge van die Christendom, maar weier om die afgodery en ernstige misleiding van Rabbynse Judaïsme raak te sien! Daar is talle voorbeelde wat so ooglopend is dat ’n mens verstom staan dat dit nie raak gesien word nie. Die grootste misleiding van Judaïsme is dat hulle nie Yeshua as die Messias wat reeds gekom het, erken nie.

Maar daar is vele ander misleidings, soos byvoorbeeld om te gaan bid by die grafte van voorgeslagte en afgestorwe rabbies waar sekere rituele (*segulot*<sup>2</sup>) ook uitgevoer word wat dan sogenaamde seëninge tot gevolg het. So word daar na die graf van Ragel gegaan, veral op die 11 Cheshvan<sup>3</sup> met *yahrtzeit Rochel Imeinu* (herdenking van die sterwe van Ragel die matriarg), om te bid dat sy voorspraak by יהיה יהיה sal maak vir kinderlose ouers, asook vir verskeie ander behoeftes.

Die volgende is komend van die webblad *Kupat Tzidkat Rashbi*, ‘n webblad in herinnering van Rebbe Shimon Bar Yochai, [http://www.rashbi.org/page\\_e.php?id=99](http://www.rashbi.org/page_e.php?id=99)

<sup>2</sup> *Segulah* (also written *segula*; plural *segulot*) literally means a "remedy" or "protection" in Hebrew. In Judaism, a *segulah* is viewed as an action that will lead to a change in one's luck, fortune, or destiny. A list of popular *segulot* can be viewed at [https://en.wikipedia.org/wiki/Segula\\_%28Kabbalah%29#cite\\_note-11](https://en.wikipedia.org/wiki/Segula_%28Kabbalah%29#cite_note-11) .

<sup>3</sup> Hierdie voorbeeld word genoem omrede Chesvan die maand is waartydens parashah 3 gelees word.

*To this very day, men and women go to Rachel's Tomb to shed tears and beg "Mother Rachel" to intercede with G-d on their behalf -- for the health of a loved one or for Divine Intervention for those in need.*

Wat is die gebede by grafte en *segulot* anders as die Rooms Katolieke Kerk wat vir Moeder Maria bid om by God en 'Jesus' voorspraak te doen, of die besoeke aan die "heilige plekke" waar moeder Maria sogenaamd verskyn en wonderwerke plaasvind? Hierdie gebruik van die Roomse Kerk en Rabbynse Judaïsme is strydig met wat Torah ons leer, want in Deut. 18:11 is dit geskryf: *Daar mag niemand by jou gevind word wat 'n gees van 'n afgestorwene vra of 'n gees wat waarsê, of wat die dooies raadpleeg nie.*

## Haftorah Bespreking

### Jes. 40:27 tot 41:16 – Hy wat op יהוה wag

Hierdie week se Haftorah Skriflesing begin met 'n tugtiging deur יהוה by monde van die profeet Jesaja:

Waarom sê jy dan, o Ya'akov en stel jy dit o Yisra'el: "My pad is vir יהוה verborge en die reg wat my toekom gaan ongemerk by my God verby?" Jes. 40:27.

יהוה tugtig Sy volk vir die afleiding wat hulle maak dat Hy nie meer vir hulle omgee nie! Die profeet herinner hulle daaraan dat hulle die naam dra wat יהוה gekies het om hulle te noem, naamlik Jakob en Israel. Het hulle dan vergeet dat hulle in 'n verbondsverhouding met יהוה staan en dat Hy die getroue Verbondsgod is?

Jesaja vra vir יהוה se volk:

Weet jy dit nie? Het jy dit nie gehoor nie? Die Ewige God, יהוה, die Skepper van die eindes van die aarde word nie moeg of vermoeid nie; Sy insig is onbepaalbaar. Jes. 40:28.

En tog moet ons erken dat ons simpatie het met Israel van ouds se moedeloosheid. Sou ons nie dieselfde gereageer het nie? Sou ons nie ook soos Israel na jarelange ballingskap die afleiding maak dat YHVH ons vergeet het nie? Is dit nie ook die wyse wat ons reageer wanneer ons smeekgebede nie beantwoord word nie? Vergeet ons nie ook dikwels dat Vader-God die getroue Verbondsgod is nie? Die nuwe verbond is immers 'n beter verbond met Yeshua as die Tussenganger (Heb. 8:6).

Deur vir Israel te vra of hulle dan nie weet nie, en of hulle dan nie gehoor het nie, is Jesaja inderwaarheid besig om Israel aan hulle geskiedenis te herinner, naamlik dat יהוה hulle nog altyd verlos het. Weet hulle dan nie, en het hulle nie gehoor van die bevryding van die Egiptiese slawejuk nie, van die liefdevolle versorging in die wildernis nie en van die menigvuldige oorwinnings oor hulle vyande nie? Het hulle vergeet dat יהוה hulle aanvanklik as Sy uitverkore volk gekies het om 'n koninkryk van priesters en 'n afgesonderde volk te wees (Ex. 19:6, Lev. 19:2, Deut. 7:6 en Jes. 62:12)?

Maar, het ons nie dieselfde geneigdheid nie? Vergeet ons nie ook van al die kere wat יהוה tot ons redding gekom het nie? Ons probleme en behoeftes van die hede wis so maklik die herinneringe van die kragtige en liefdevolle voorsiening en ingryping van Vader-God van die verlede uit.

Hierdie Haftorah Skriflesing is ook 'n herinnering dat יהוה se beloftes deur vertrou en geduld in besit geneem word. Dit is ondermeer die les wat ons uit die geskiedenis van Abraham leer.

Die Skrifte verklaar Abram as die vader van vertroue (geloof), maar tog het ongeloof (wantroue) na 'n wagtyd vir die belofte van 'n seun veroorsaak dat Abram en Sarai vir יהוה op vleeslike wyse “wou help” om die belofte van 'n erfgenaam te laat realiseer. Die uiteindelijke gevolg was die geboorte van Ismael – die seun van Abram by die slavin Hagar. Hierdie was nie volgens die wil van יהוה nie, maar was volgens die wil van Abraham en Sarai.

Ismael was 'n wilde-esel van 'n mens (Gen. 16:12) en het die vader van 'n menigte van die Arabiese volke geword. Die gevolg van Abram se ongeduld en eie wil is steeds vandag 'n probleem waarmee Israel en die wêreld te doen het.

Die les wat ons uit hierdie gebeure leer is dat deur voortgesette vertroue in יהוה en deur geduld neem ons die beloftes van יהוה in besit! Dawid herinner ons daaraan om te wag op יהוה

Wag op יהוה! Wees onveranderlik dapper en vol vertroue! Ja, wag op יהוה! Ps. 27:14.

Daarom bemoedig Jesaja ons elkeen met die woorde van יהוה:

29 Hy gee krag aan die vermoeide en vermenigvuldig krag vir hom wat geen krag het nie.

30 Alhoewel jonges moeg en vermoeid word en fikse jongmanne sleg struikel,

31 tog sal die wat op יהוה wag, hulle krag hernu; hulle sal opvaar met vlerke soos arende; hulle sal hardloop en nie moeg word nie, hulle sal loop en nie vermoeid word nie. Jes. 40:29 tot 31.

Te midde van hartseer en beproewing sal die wat op יהוה met vertroue en geduld wag hernieuwe krag ontvang. Met geduld is om te wag vir YHWH se tydplan – Hy is in beheer en alles geskied volgens Sy tydplan. Om te wag is om ‘vasgebind’ te wees aan יהוה en om seker te wees van dit wat jy hoop en oortuig te wees van dit wat jy nie sien nie (Heb. 11:1).

### **Bepeins of Bespreek:**

1. In Jes. 40:27 sê Israel: “My pad is vir יהוה verborge en die reg wat my toekom gaan ongemerk by my God verby?” Die vraag is egter of יהוה Homself versteek het en of het hul weggeloopt van יהוה, terwyl Hy steeds daar is? Die geskiedenis leer dat Israel telkens “weggeloopt” het van hul God. Geld dieselfde nie ook steeds vandag nie? Israel was in die verlede in ballingskap weens hul Torah-ongehoorsaamheid en vandag is die huis van Juda (die Jode) wat Yeshua verwerp het steeds in “ballingskap”. Hierdie “ballingskap” is omrede hulle die belangrikste opdrag van die Torah van Moses minag, naamlik:

יהוה, jou God, sal 'n profeet soos ek uit jou midde, uit jou broers, vir jou laat opstaan; na hom moet julle luister. Deut. 18:15.

Hoeveel anders sou die geskiedenis van die huis van Juda gewees het indien hulle Yeshua as hulle Messias sou aanvaar het? Hoe dikwels moet die rede vir ons omstandighede by onself gesoek word. Is ongehoorsaamheid aan יהוה se Torah soos dit in Yeshua vervul is nie meesal die rede vir ons hartseer en teenspoed nie? Dit is nie יהוה wat verborge is nie, maar Sy volk wat wegdraai om agter ander gode aan te hoereer!

2. Elkeen, Jood en nie-Jood, wat bely dat Yeshua die Messias is, is die nageslag van Abraham (Rom. 4:16; Gal. 3:7-8) en is Skriftuurlike Israel (Romeine 11) wat steeds deur die vyande van יהוה-God vervolgt word en vernietig wil word. Daarom moet ons vashou aan die belofte soos יהוה deur Jesaja gespreek het:



8“Maar jy, Yisra’el, My dienskneg, Ya’akov, wat Ek gekies het, nageslag van Avraham, My vriend,

9jy, wat Ek gevat het van die eindes van die aarde af en van sy verste dele geroep het en vir jou gesê het: ‘Jy is My dienskneg; Ek het jou gekies en jou nie verwerp nie;

10moenie vrees nie, want Ek is by jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek sal jou versterk, sekerlik sal Ek jou help en jou ondersteun met My regverdige regterhand.’

11Let op, almal wat kwaad is vir jou sal beskaamd staan en onteer word; hulle wat jou teëstaan sal soos niks wees en vergaan.

12Jy sal hulle wat met jou stry soek, maar hulle nie kry nie, die wat teen jou oorlog voer sal wees soos niks en wat nie bestaan nie,

13want Ek is יהוה, jou God, wat jou regterhand ophou, wat vir jou sê: ‘Moenie vrees nie, Ek sal jou help.’ Jes. 41:8 tot 13.

Mag dit spoedig bewaarheid word en mag ons broers van die huis van Juda se oë ook oopgaan vir die waarheid van Yeshua, Die Gesalfde Een van יהוה-God!!!

## Skriftestudie

### Die Verbond en die Torah

#### Lering 2: Die Oorsprong Van Die Sluit Van Verbonde

Aangaande die sluit van die nuwe verbond lees ons in Matt. 26:26-28 die volgende:

26Terwyl hulle eet, vat Yeshua die brood, dank daarvoor, breek dit en gee dit aan Sy studentevolginge en sê: “Neem, eet, dit is My liggaam.”

27Hy vat ook die beker, dank daarvoor, gee dit aan hulle en sê: “Drink almal daaruit,

28want dit is My bloed, van die Nuwe Verbond, wat vir baie uitgestort word tot vryspraak van sondes,

In hierdie skrifgedeelte, asook die ander skrifgedeeltes waar Yeshua die Pesagmaal saam met sy studentevolginge (dissipels) eet (Mark. 14:22-26; Luk 22:15-20), is dit opmerklik dat hulle nie vir Yeshua gevra het om te verduidelik wat beteken Sy woorde: “want dit is My bloed, van die Nuwe Verbond, wat vir baie uitgestort word tot vryspraak van sondes”. Dit ten spyte daarvan dat Yeshua klaarblyklik nooit gedurende sy aardse wandel na ‘n nuwe verbond verwys het nie.

Dit kan derhalwe aanvaar word dat die studentevolginge vertrou was met die doel en betekenis van ‘n verbond; veral met die ou verbond waarvan hulle tot op daardie stadium deel was. Toe Yeshua die brood gebreek het en die wyn vir hulle gegee het om te drink, sowel as die woorde wat Hy gespreek het, het Sy studentevolginge die betekenis daarvan verstaan, naamlik dat hulle besig was met deel van die verbondseremonie, naamlik die sluit van die nuwe verbond.

Die eerste direkte verwysing in die Afgesonderde Skrifte waar die woord verbond gebruik word, is toe יהוה vir Noag gesê het:

Met jou sal Ek My verbond bevestig; jy moet in die ark ingaan, jy en jou seuns en jou vrou en die vroue van jou seuns saam met jou. Gen. 6:18.

En na die sondvloed lees ons in Gen. 9:11 tot 13 waar יהוה met Noag die verbond sluit:

**8** God het met Noag en sy seuns by hom gepraat en gesê:

**9** “Ek, let op, Ek sluit My verbond met julle en met julle nageslag ná julle

**10** en met al die lewende wesens wat by julle is: die voëls, die vee en al die lewende diere van die aarde by julle; alles wat uit die ark uitgegaan het; al die diere van die aarde.

**11** Ek sal My verbond met julle vasmaak: nooit weer sal alle vlees deur die water van ’n vloed uitgewis word nie en daar sal nooit weer ’n vloed wees wat die aarde vernietig nie.”

**12** God het vir Noag gesê: “Dit is die teken van die verbond wat Ek tussen My en julle en al die lewende wesens wat by julle is, sluit, vir ewige geslagte:

**13** My boog het Ek in die wolke gegee; dit sal ’n teken wees van die verbond tussen My en die aarde.

Noag het ook nie gevra dat יהוה moet verduidelik wat ’n verbond is nie, want hy het die betekenis van ’n verbond verstaan. Die reënboog was vir Noag die teken van hierdie verbond en die bevestiging waardeur God wetlik (regsgeldig) en moreel gebind was om nooit weer alle vlees deur water te vernietig nie.

In Genesis 15 lees ons waar יהוה met Abram ’n verbond gesluit het. Abram het eerstens in יהוה, en in die belofte van ’n nageslag waaruit die Messias gebore sou word, geglo en dit is hom tot onpartydige opregtheid (geregtigheid) gereken (Gen. 12:3 en Gen. 15:5 en 6). Abram het egter getwyfel oor die belofte van die beloofde land en het vir YHVH gevra (Gen. 15:8):

O, יהוה-God, waaraan sal ek weet dat ek dit in besit sal neem?

Daarom het YHVH met hom ’n verbond gesluit as bevestiging en bewys dat hy die beloofde land in besit sou neem en dat dit vir sy nageslag bestem sal wees (Gen. 15:9 tot 21).

Let egter daarop: Abram het nie vir יהוה gevra om die betekenis van die verbond te verduidelik nie. Nee, Abram het die betekenis verstaan; tot so ’n mate dat dit vir hom die bevestiging was dat יהוה dit sal doen wat Hy beloop het. Die verbond het vir Abram die geloofsekerheid gegee dat sy nageslag die beloofde land in besit sou neem. Die teken van hierdie verbond is die besnydenis (Gen. 17:8 tot 13).

Maar Adam en Eva was ook van die begin af in ’n verbondsverhouding met יהוה. Hierdie gevolgtrekking kan gemaak word uit Genesis 1 en 2 waar God sekere opdragte aan Adam gegee het, en sekere voorwaardes gestel het, om geseënd te wees. Adam moes die tuin bewaak. Hy mag ook nie geëet het van die boom van kennis van goed en kwaad nie, maar slegs van die boom van lewe. Die verhouding tussen God en die mens was dus een van beloftes en voorwaardes. Bevestiging van hierdie verbondsverhouding vind ons ook in Hos. 6:7.

maar soos Adam het hulle die verbond oortree; daar het hulle verraderlik teen My opgetree.

Die mens, soos deur Adam verteenwoordig word, het telkens יהוה se verbond verbreek!

Daar is derhalwe voldoende bewys dat die sluit van verbonde bekend was aan die mense van wie die Afgesonderde Skrifte van getuig. Daarom was Yeshua se studentevolginge bekend met die doel en die betekenis van ’n verbond! Dit was deel van hulle kultuur en leefwyse.



Die sluit van verbonde se oorsprong is dus by יהוה-God en Hy is die Een wat die doel en die betekenis van 'n verbond bepaal het.

Weet daarom dat יהוה, jou God, God is, die getroue Magtige God, wat Sy verbond en Sy onverdiende guns hou tot 'n duisendste geslag met dié wat Hom lief het en Sy opdragte gehoorsaam. Deut. 7:9.

In die tydperk van die Afgesonderde Skrifte, en die eeue daarna, het mense, groepe en volke dus verbonde met mekaar gesluit. Die voordele, waarde, betekenis en doel van 'n verbond is deur almal verstaan. 'n Verbond was van onskatbare waarde vir die beëindiging van vyandskap en vir sekerheid van vrede, vir gewaarborgde hulpverlening en vir ondersteuning, vir ewigdurende vriendskap en vir beskerming.

Soos in die eerste lering genoem is, het die doel en die betekenis van 'n verbond verlore gegaan omrede verbonde vandag nie meer gesluit word nie. Maar as 'n uitverkore nasie, en as 'n priesterdom volgens die orde van Malki-Tzedek (Melgisédek), is dit egter van uiterste belang om die doel en die betekenis van 'n verbond, veral van die nuwe verbond te verstaan. Dit is deel van die fondament van ons verhouding met יהוה-God deur die onverdiende guns in Yeshua. Sonder goeie begrip en insig van die betekenis en die doel van die nuwe verbond gaan ons nie die ware betekenis van יהוה se onverdiende guns, soos dit deur Yeshua bewerkstellig is, verstaan nie, asook nie verstaan wat Vader se Torah van die nuwe verbond behels nie !

Die nuwe verbond is die bewys van יהוה se onverdiende guns en dit leer ons die Torah van יהוה soos dit in Yeshua vervul is en in die nuwe verbond uiteengesit en toegepas moet word! יהוה-God se verbond met die mens en Sy onverdiende guns in Yeshua, asook Sy Torah loop hand-aan-hand en daarom moet ons die doel en betekenis van al drie verstaan sodat ons dit in ons daaglikse geloofslewe kan toepas.

## **Twee Tipe Verbonde**

Dit is belangrik om te verstaan dat יהוה twee tipe verbonde met die mens sluit.

Eerstens: Sommige verbonde wat יהוה met die mens sluit, is eensydig en daarom is die mens nie direk betrokke by die sluit van die verbond nie. Die verbond met Noag dien as voorbeeld. יהוה het deur 'n eensydige eedswering (deur 'n onvoorwaardelike eed te neem – verwys Ps. 110:4) 'n verbond met Noag, as verteenwoordigend van die mensdom, asook met alle lewende vlees 'n verbond gesluit om nie weer alles by wyse van 'n watervloed uit te wis nie. Die mens was nie betrokke by die verbondsoreenkoms nie en daarom is geen voorwaarde aan die mens gestel nie. Hierdie verbond is steeds vandag geldig!

Tweedens is daar bloedverbonde waar יהוה die mens betrek. Hierdie is dus nie 'n eensydige eedswering deur God nie, maar wel 'n verbond waar יהוה sekere beloftes maak en die mens sekere voorwaardes moet aanvaar en moet nakom. Daarom bestaan die sluit van 'n bloedverbond altyd uit die volgende:

- 'n Aanbod van YHVH bevattende een of meer van die volgende: 'n voorstel, beloftes en voorwaardes.
- Die aanvaarding van die voorstel, beloftes en voorwaardes deur die mens, of deur die verteenwoordiger van die volk.
- Bekragtiging (verseëling) met bloed.

➤ Die eet van ‘n verbondmaaltyd.

Die volledige seremonie met die sluit van ‘n bloedverbond, asook die betekenis van elke stap, sal later in hierdie studie volledig bespreek word. In die lig daarvan sal die sluit van die nuwe verbond dan bespreek word om te bepaal of dit ooreenstem met die tipiese verbondseremonie. Daarom sal die fokus in hierdie studie op die doel en betekenis van ‘n bloedverbond wees, want die nuwe verbond is ‘n bloedverbond.

‘n Kort en eenvoudige omskrywing van ‘n bloedverbond is soos volg:

‘n Wedersydse en ewigbindende ooreenkoms tussen twee persone of volke, tot voordeel van beide en gegrond op bepaalde beloftes en voorwaardes wat te alle tye deur beide partye nagekom sal word.

Soos reeds in Lering 1 bespreek is, was daar verskeie redes hoekom bloedverbonde gesluit was en dit kan soos volg saamgevat word: Eerstens gee dit totale gemoedsrus deurdat dit die nodige sekuriteite en waarborge verskaf. Tweedens hou dit wedersydse voordele in van ondermeer vrede, hulpverlening, voorsiening en beskerming. Die twee persone of twee volke wat ‘n bloedverbond sluit kan met totale gemoedsrus in afhanklikheid van mekaar lewe, want die beloftes en voorwaardes van ‘n verbond mag onder geen omstandighede verbreek word nie. Die verbreking van ‘n verbond is strafbaar met die dood. ‘n Verbond is derhalwe ‘n ewigdurende ooreenkoms wat ook die nageslag insluit.

Die Hebreeuse woord vir verbond (*bereeth* - בְּרִית) beteken “om te sny” en impliseer dus bloed. Volgens Strong’s se konkordansie (H1285) is ‘n verbond ‘n ooreenkoms wat gesluit word deur tussen stukke vleis deur te beweeg (*a compact made by passing between pieces of flesh*). Daarom is dit meer korrek om te praat van die sny van ‘n bloedverbond!

### Opsommend

‘n Bloedverbond is dus ‘n ewigbindende ooreenkoms tussen twee of meer persone wat deur bloed verseël (bekragtig) word. Dit beteken dat bloed die regsgeldigheid en die erns van die verbond bekragtig.

Daarom beskou יהוה ‘n bloedverbond as ‘n afgesonderde (heilige), morele en regsgeldige ooreenkoms wat ewigdurend is (dit het ‘n begin, maar nie ‘n einde nie), en wat met die dood strafbaar is indien dit verbreek word.

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!

Johan.

Epos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*